

INHOUD/CONTENTS Bladsy/Page

Early years at Thaba Nchu and Friendship between the Rolong and the Voortrekkers — *S. Bishop* 3

Die Witstinkhoutboom — *P.C. Zietsman* 5

Maphororong — 'n Raaisel word ondersoek — *C.J. Coetsee* 6

Spinnekop-stories — *C. Pieterse* 8

Generaal C.R. de Wet Argeologies ontmoet — *J.J.B. Dreyer* 10

Slange, Swaeltjies en ander staaltjies — *R.A. Earlé* 12

Tortoises — *M.F. Bates* 16

Die Van Hoytema-skandaal — *J. Haasbroek* 18

The White-tailed Mouse - Vulnerable, but so what! — *C.D. Lynch* 20

Spioenasiemetodes oopgevekl — *H. du Toit* 23

Die Nasionale Museum — van St. Georgestraat na Wardenplein — *D.A. v.d. Bank* 24

Defence mechanisms in frogs — *R. Douglas* 26

REDAKSIONEEL

Die vrae wat museum personeel seker die meeste deur die jare al gevra het, is: "Vir wie beplan ons eintlik uitstallings?" en "vir wie behoort ons eintlik uitstallings te beplan?"

Weet ons altyd waarom die publiek museums besoek?... Is dit omdat hulle iets wil gaan leer, m.a.w. vanweë die opvoedkundingskwaliteite van die museum of besoek hulle die museum vanweë sy ontspanningswaarde? Is dit vir ouers 'n plek waarheen hulle hul kinders neem om hulle van die straat af te hou, terwyl hulle na die oudste, grootste, die langste of snaakste voorwerpe kyk of is dit 'n gerieflike plek om vir vroultjie te wag terwyl sy haar inkopies doen? Die kleinspan kan dan ook sommer lekker op die blink vloere gly en 'n koppie koffie is hier ook heel goedkoop.

In een van die onlangse uitgawes van die joernaal CURATOR is bevind dat besoekers aan Amerikaanse museums slegs gedurende die eerste halfuur van hulle besoek konsensieuse besoekers is en pligsgetrou lees. Die oorgrote meerderheid het die museum na 'n besoektyd van slegs een uur reeds weer verlaat. Die meeste van hulle het die museum toe ook vir die eerste keer besoek. Na 'n opname bevind die joernaal ook dat die Amerikaanse "man op straat" as wetenskaplik ongeletterd beskou moet word. Hiervolgens moet uitstallings dus baie elementêr dog treffend aangebied word.

Deur na besoekers te kyk terwyl hulle deur 'n museum stap, is dit baie goue duidelik dat hulle nie die uitstallings soos 'n boek lees nie, trouens die meeste lees byna nie eens die teks direk langs die materiaal waarna hulle kyk nie. By die beplanning van uitstallings is ons so besorg oor die volgorde van ons uitstallings en beplan dit so keurig asof die besoeker dit alles opeenvolgend gaan lees. Die besoeker dwaal meesal deur die sale totdat hy 'n voorwerp kry wat sy belangstelling prikkel. Hy steek dan daarby vas en lees die teks wat direk daarmee verband hou. 'n Mens kry dus die gevoel dat elke voorwerp as 'n uitstalling op sy eie hanteer moet word en genoeg meegaande inligting moet verstrek sodat dit as 'n volledige eenheid kan staan.

'n Uitstalling van lewendige knopiespinnekoppe in die ingangsportaal van die Nasionale Museum word deur min besoekers verbygeloopt. Die spinnekoppe wek dadelik belangstelling en word van alle kante bekyk. Maar ... die belangrikste gedeelte, die onderskeidende kenmerke tussen die twee soorte spinnekoppe, word skaars na gekyk, hoewel dit met kleurfoto's, pyltjies en slegs 'n enkele sin by elke foto geïllustreer word.

Moet ons regtig soveel tyd bestee om die ontspanningswaarde van museums te verhoog sodat ons besoekersgetalle sal verhoog (want statistieke is baie belangrik — veral vir diegene vir wie dit net om die statistieke gaan) ... of moet ons meer pitkos in ons uitstallings sit vir die klein persentasie belangstellendes wat op 'n meer gereelde basis 'n hele middag hier kom bestee en werklik iets wil leer? Moet ons die publiek werklik die ontspanning gee wat hulle soek sodat ons opspraakwekkende besoekersgetalle kan verkry? Is dit belangriker dat 100 000 mense die museum besoek vir een uur een keer in hulle lewe of dat 1 000 mense die museum tien keer vir 'n hele middag besoek en werklik daarby baat vind?

Die goue middeweg waarna ons streef is seker die naaste aan 'n oplossing ... of is dit juis nie?

Voorblad/Front Cover — **Marianne Pretorius** Vroeë Sotho-hutts/
Early Sotho huts

Museumnuus is 'n ses-maandelike nuusbrief wat gratis van die Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein, 9300, (Tel. 051-479609) verkry kan word. Enige foto's of inligting in hierdie nuusbrief mag met erkenning van die bron gereproduseer word.

Museum News is a bi-annual newsletter which can be obtained free of charge from the National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein, 9300. (Tel. 051-479609). Any photographs or information published in this newsletter may be reproduced with acknowledgement of the source.

Redaksie/Editorial staff

Mev/Mrs H.J.M. Lamprecht
Dr C.M. Engelbrecht
Dr C.D. Lynch
Dr S. Louw
Dr J. Haasbroek
Mev/Miss M.C. Genis (Kunstenaar/Artist)
Mev/Mrs H. de Villiers (Setwerk/Typesetting)
Mnr/Mr S.J. Greyling (Fotograaf-Drukker/Photographer-Printer)
Mnr/Mr L.W. v.d. Merwe (Taalversorger/Linguistic Adviser)

Oplaag/Circulation: 5 000

Gedruk deur die Nasionale Museum, Bloemfontein.
Printed by the National Museum, Bloemfontein.

C.M. ENGELBRECHT